Jan Lemmer: Multisand 12 April 2014

1. Sandspruit

   Sandspruit begkn by Wildebeesthoek en gaan deur Soshanguve en Mabopane tot by Marula Sun dam en dan verder tot by Pienaarsrivier. Pienaarsrivier vloei tot in Krokodilrivier. Naaste punt van beplande stortingsterrein is 3.4km soos die kraai vlieg.

2. Die spruit wat by Middelwater begin wat tans ook deur die mynboubedrywighede se water voordeel trek se naaste punt aan beplande stortingsterrein is 683.76 meter. Die spruit net wes van Multisand is 3.5km van die oorsprong van die spruit in die berg af. Die stelling deur die maatskappy wat se dat die spruit slegs deur die mynbou aktiwiteite van water voorsien word en aldus so ontstaan het is van alle waarheid ontbloot. Daar is ook spesiaal duikwee onderdeur N4 snelweg gemaak vir hierdie spruit se deurvloei. Sien ook lugfofo's van spruit. Hierdie spruit loop deur Mothlotoung en om die koppe dan vloei dit in die Krokidilrivier in net Noord van Hoerskool Wagpos buite Brits.

3. Ek het tydens ons vorige vergadering gevra wat sou gebeur indien daar besoedeling sou plaasvind. Met alle argumente is gese dat studies bevind het dat besoedeling nie kan plaasvind met alle voorsorgmaatreels wat getref word nie. Ek wil vir u se dat al doen u enige moontlike voorsorgmaatreels besoedeling nog kan plaasvind. Niemand ter wereld het ooit kon dink dat 'n Tsoenami Phuket en al die eilande daarnaas sal tref nie en dit het gebeur. Ek vra weer:

   - WAT GAAN U DOEN SOU BESOEDELING WEL PLAASVIND?
   - Gaan julle vir ons water aanry per waterkar sodat ons nou ook agteruit moet boer soos die plakkerskampe. Of gaan julle vir ons se nee dit is 'n natuurramp en julle neem nie verantwoordelikheid nie, die staat of stadsraad moet maar instaan.
   - Gaan julle vir almal in die gebied water vanaf die randwaterpyplyn laat aanle waarvoor ons ten duurste gaan moet betaal, vir die pyplyn asook per aansluiting.

4. **Alvorens enige eiendom dmv 'n verbandlening aangekoop word moet daar ook bewys van hoeveelheid water en watergehalte voorgele word. Dit is vir plotte en plase waar daar nie water voorsieb word deur staat of stadsrade nie.** Indien die water besoedel is sal geen bank of finansiering instansie enige lenings toestaan nie en sal die betrokke eienaar met die grond sit tot in lengte van dae en dit dus nooit kan verkoop nie. Ons kinders se kinders sal nog steeds met hierdie swaarde oor hulle koppe hang, want eiendom sal nooit kan verkoop word nie.

Hierdie gebied is vir ons almal kosbaar en deel van die Peglerea Bewarea. Ons het net hierdie water.

**BESWAARSKRIF TOV BEOOGDE STORTINGSTERREIN**

Mnre AECOM

Op 28 Februarie 2014 is ons langs omweë oor hierdie nuwe bedreiging ingelig, terwyl hier lank reeds 'n inwonersmaatskappy bestaan met wie enige persoon of instansie wat met watter motiewe ook al kon gesprek voer. U het blykbaar slegs met enkelinge, meer spesifiek met direkte bure van Multisand gesprek gevoer en eers toe talle mense begin vrae vra, is ons oor die plaaslike radio ingelig oor 'n gesprek wat u met die direksie van die De Wildt Helpmekaar Maatskappy sou voer. Die ondergetekendes het op 12 Maart 2014 saam met enkele van die direkteure en ander inwoners na u voorlegging te Schietfontein geluister. Ons het ook spesifiek aan u gemeld dat hierdie gebied nie oopstaan vir enigiemand wat met watter soort bedreiging ook al die gebied wil of sal benadeel nie. U het ons ook ingelig dat die gesprek met inwoners of die publiek gaan plaasvind en ons is nou by 12 April waar u by die Laerskool Vissershoek 'n sogenaamde ope dag van vier uur lank oor die onderwerp ter sprake gaan aanbied. Ons vind dit vreemd dat in die vier uur nie erens plek gemaak is vir 'n behoorlike inwonersvergadering waar u die besware kon aanhoor nie; dit is so via ons inwonersmaatskappy aangevra, maar ons het geen reaksie ontvang nie. Hiermee maak die ondergetekendes ten sterkste beswaar teen die voorgenome stortingsterrein op die terrein van Multisand en sien die voorgenome plasing van hierdie onaanvaarbare bedryf as bedreiging vir die inwoners om die volgende redes:

**1. LANDELIKHEID VAN DIE OMGEWING**

Hierdie eiendom maak deel uit van 'n huidige landelike gebied, waar mense kom woon het hoofsaaklik ter wille van die pragtige omgewing van die Magaliesberg en al die inheemse fauna en flora; 'n stortingsterrein binne hierdie gebied sal slegs bydra tot vernietiging van die landelikheid van ons gebied.

**2. DRASTIESE WAARDEVERMINDERING VAN EIENDOMME**

Die eienaars van die eiendomme in hierdie gebied het lank reeds enkele "besighede" soos Multisand in ons midde aanvaar, maar dit gebeur deesdae al hoe meer dat die stedelinge poog om hulle sogenaamde "ontwikkeling" na ons rustige landelike gebied uit te brei. 'n Stortingsterrein alhier sal lei tot drastiese daling van die waarde van al die eiendomme in die omgewing. Wie gaan eienaars hiervoor vergoed? Om een eienaar waarskynlik 'n groot som geld vir die eiendom aan te bied en 'n stortingsterrein daar te vestig, sekerlik een van die onsmaaklikste bedrywe, laat die ontwikkelaars maklik koud staan teenoor al die ander eienaars in die omgewing. Dit is vir ons as inwoners totaal onaanvaarbaar om ons eiendomme aan sodanige gedwonge waardevermindering te laat onderwerp.

**3. BENADELING VAN DIE HELE OMGEWING SE GESONDHEID**

**3.1 Lugbesoedeling**

3.1.1 ***Asmalyers:*** Die stank, rook en stof gaan mense met Asma affekteer. Ons sal met pompies loop sodat ons asem kan kry. Ons het na De Wildt getrek sodat ons skoon lug kan inasem. En nou die bedreiging.

3.1.2 ***Ander longsiektes:*** Die onsuiwer lug gaan veroorsaak dat baie van ons inwoners en hul kinders, ook die leerders van Laerskool Vissershoek dmv lugbesoedeling longsiekstes kan ontwikkel. Ook Sinusprobleme. En wie gaan betaal? Die ouers se mediese fondse totdat dit uitgeput raak. Daarna kom dit uit hul sakke.

3.1.3 ***Allergieë:*** Meer as een persoon gaan allergies raak agv die rook, stank en addisionele stof van die omgewing.

**3.2 Waterbesoedeling:**

Die plase en hoewes direk naby die terrein se boorgate gaan besoedel raak. Dan sal ons ook

soos in die geval van die myne nie meer skoon drinkwater hê nie. Baie boere maak gebruik van besproeiing. Selfs hierdie water uit die boorgate kan voedsel besmet. Daar gaan geen oeste meer wees en geen kos op ons tafels nie.

**4. R513 PAD EN ANDER TOEVOERPAAIE**

Hierdie pad gaan binne 'n paar maande vol slaggate wees. Tel maar die motors wat nou reeds van en na Brits op hierdie pad ry na en van hulle werk. Hulle gebruik nie die tolpad nie. Ook groot vragmotors maak nou al reeds van hierdie pad gebruik. As al die vragmotors met vullis en afval ook die pad gaan gebruik gaan daar chaos wees. Ons sal nie by ons hekke uit kan kom om self werk toe te gaan nie en ons paaie gaan binnekort een slaggat op die ander wees.

Die betrokke paaie word reeds oorgebruik en u word verwys na 'n langdurige stryd van ons as inwoners toe daar 'n nuwe vier- of sesbaanpad vanaf Garankua na die R513 regdeur ons gebied beplan was en ons dit sodanig teengestaan het dat dit laat vaar is.

Kyk maar na die toevoerpaaie na ander stortingsterreine: Talle vragmotors en ander voertuie verloor op daaglikse basis van die afval langs die paaie en besoedel die omgewing nog verder.

Groot voertuie op hierdie bestaande relatief smal paaie maak dit ook 'n al hoe groter padgevaar. Ons verwys u graag na die stroom vragmotors van 'n firma by Strydfontein waar groot vragmotors menige keer die verkeersveiligheid bedreig omdat daar nie in die bestaande pad vir gemelde groot voertuie plek is nie en hulle dan ook direk uit die pad by een hek moet indraai.

U het ook aangedui dat die beoogde terrein vir die buurprovinsie oop sal wees, maw die stroom voertuie sal van oos en wes na hierdie terrein beweeg.

**5. GROEN GORDEL VAN DIE MAGALIESBERG**

Die rook en besoedeling kan suid waai en sodoende die groen gordel van die Magaliesberg affekteer. Alles kan sterf. Ons is gesteld op ons berg. Ons is gesteld op ons omgewing. Daarom is hier 'n bewarea gestig om ons omgewing te bewaar, nl die Peglerae Bewarea. Ons kan nie toelaat dat 'n stortingsterrein die omgewing kom besoedel nie.

**6. PLAKKERS EN DROSTERS OP DIE STORTINGSTERREIN**

**6.1 Gevare rondom afvalstropers**

Die terrein sal binne 'n paar dae in'n plakkerskamp ontaard, want hulle storm soos aasvoëls op enige stortingsterrein af om te aas wat daar ook al te aas is. Drosters sal ook daar begin woon. Huisies van plastiek en karton sal opgerig word. Kyk maar by die bestaande stortingterreine hoe dit daar lyk, om nie te praat van die onveiligheid agv hierdie "stropers" van afval nie; 'n mens moet gewapend daarheen gaan om jou lewe te kan beskerm. Hierdie mense het nie blyplek of behoorlike kos of klere nie en die volgende stap is om by nabygeleë inwoners se huise in te breek en ons te besteel.

Tydens die inligtingsessie op 12 Maart het u aangedui dat daar nie veel werkers op die terrein sal wees nie, maar u het nie aangedui hoe die stroom "stropers" gekeer gaan word nie. Is hulle al by enige ander sodanige terrein gekeer en hoe?

**6.2 Water en toiletgeriewe**

Water en toiletgeriewe sal nie vir die "plakkers" voorsien word nie. Waar gaan hulle water kry en toiletgeriewe? Hulle gaan ons heinings knip en water by ons kom bedel of steel. Ons betaal ten duurste vir ons water. Dit het diep boorgate met pompe geverg en daarna maandeliks kragrekeninge. Gebrek aan toilette sal hulle maar net bos toe dryf en so sal ons water verder besoedel word en ook die aas rondom die terrein vererger.

**7. BROMMERS, VLIEë, MUISE EN ROTTE**

Ons omgewing sal 'n plaag van brommers, vlieë, muise en rotte hê waar ons tans geen sodanige plaag het nie. U het wel in die inligtingsessie op 12 Maart aangedui dat die afval op daaglikse basis bedek sal word. Het u enige voorafstudie oor die hoeveelheid vragte wat gehanteer sal moet word, gemaak, en het u bepaal of die klein groepie werkers wat u in vooruitsig stel, hierdie visie van u kan laat

realiseer?

**8. PROSEDURE OM GESKIKTE GROND VIR DIE STORTINGSTERREIN TE SOEK**

Ons is oortuig daarvan dat daar nie na behore na 'n geskikte terrein vir die doel van storting van afval gesoek is nie, aangesien daar sekerlik nog grond beskikbaar is waar u nie met al bogenoemde probleme opgesaal sal word nie; dit wil vir ons lyk of daar maar toevallig 'n verkoper raakgeloop is en daar op hierdie terrein toegeslaan is. Beplanning om sodanige terrein aan te koop behels sekerlik ook 'n voorlopige ondersoek na moontlike probleme alvorens daarop besluit word. Waarom word niks hieroor gemeld in u uiteensetting tov die beplande stortingsterrein alhier nie?

Bogemelde redes is bepaald nie die enigstes nie, maar slegs die begin van ons beswaar. Ons beoog ook om verdere besware vir u aan te dui soos dit vanaf ander inwoners ontvang mag word. Ons vertrou dat u gemelde besware hierbo in u impakstudie in aanmerking sal neem, aangesien hierdie geskrif as bewys sal dien dat u wel op ons beswaar gewys was.

Die uwe

HR LEMMER

ALBEI LEDE VAN DIE LEMMER-FAMILIETRUST

JP LEMMER

12 April 2014


| | | |
|---|---|---|
| SAKFONE: | HR LEMMER | 082 879 6969 |
| | JP LEMMER | 083 256 8266 |
| E-POSADRESSE | HR LEMMER | lemmer.manie@gmail.com |
| | JP LEMMER | janlemmer@gmail.com |
| WOONADRES | Perseel 55 (Afrit 129)<br>Wildebeesthoek<br>Distrik Pretoria | |